

Kontekstuele vrae – Memorandum

“Ek is ook important” – Peter Snyders

1. Hy is 'n straatveër/tel papiere in die strate en parke op.
2. Stelling: Ek is ook belangrik. Voorbeelde: Die mense gooi skille, buskaartjies, bottels, blikkies en houers en oorblyfsels van wegneemkos in die strate – hulle strooi rommel rond. “Ek” hou die wêreld skoon.
3. Met die rommelstrooiers
- 4.1 Dit is die taal wat so 'n straatveër dalk kan gebruik/hy laat dit realisties klink/die rommelstrooiers kan daarmee identifiseer.
- 4.2 Voorbeelde: “bustikkits” – Engelse woord wat verafrikaans is/“soes” – die o-klank as oe uitgespreek.
5. “en vrot vrugte/en stukkene boksies/en papiere”. Ander voorbeelde: r. 3, 5, 7, 9 en 11. Elke aksie word so beklemtoon.
- 6.1 Wanneer twee versreëls elke keer as een gelees word, klink dit soos 'n stroom argumente wat op mekaar volg.
- 6.2 Dit boots die rommel na wat rondlê. Dit skep dus 'n illusie.
- 6.3 Die tipografie veroorsaak dat die woorde soos rommel versprei word: die inhoud van die woorde word dus deur die tipografie weerspieël.
7. Reël 6: “bustikkits/soes confetti gestrooi het”
8. Reël 16. Dit volg direk na die ellips wat die tempo stadiger maak het. Die tempo is nou baie stadiger en die woord “dan” dui daarop dat die inhoud verander.
9. Die spreker begin met 'n stelling (titel) waarna hy met behulp van feite die agtergrond gee om die leser te laat beseft dat dit wat hy doen nodig is.
- 10.1 Eie antwoord, byvoorbeeld: Ja, want as iemand dit nie optel nie gaan die omgewing naderhand vieslik lyk.
- 10.2 Alles gaan vuil en vieslik wees en dan gaan daar rotte en gediertes begin **rondhardloop en siektes kan uitbroei.**
- 10.3 Ja, as mense ophou om hulle afval rond te gooi, sal dit omgewing vir almal lekker en skoon wees. OF Nee, die munisipaliteit betaal mense om dit te doen.